

“BAVINCK OOR KERKEENHEID”

Prof. J. H. van Wyk skryf oor:

Dit is opvallend hoe aktueel die Nederlandse Gereformeerde dogmatikus, Herman Bavinck, steeds bly. (Onlangs is sy *Dogmatiek*, waarvan deel I in 1895 verskyn het, herdruk!) Natuurlik hang dit alles met 'n wye reeks faktore saam, nie die minste nie met Bavinck se teologiese kwaliteit en veral integriteit. Hy was nie iemand wat met goedkoop antwoorde tevrede was nie en het veral baie nou by Calvyn aangesluit — hoewel daar by hom ook soms skolastiese gedagtes voorkom.

Bavinck se kerkleer bevat een van die mooi dele in sy dogmatiek. Nog onlangs weer het twee Nederlandse skrywers die aandag hierop gevestig: K. Runia in *Centraal Weekblad* (25 Jan. 1985 e.v.) en S. Meyers in *De Waarheidsvriend* (oa 22 Nov. 1984). Hoewel Meyers 'n Hervormde predikant is, is hy 'n besonder goeie kenner van Bavinck — hy het immers oor hom gepromoveer.

Wat hier volg, is 'n kort samevatting van genoemde artikel van Meyers, omdat hierin soveel prikkelende en behartigenswaardige gedagtes in voorkom — al sou ons ook op bepaalde punte anders dink. Die artikel spits toe op die vraag van kerkeenheid en kerkverskeurdheid.

Meyers wys daarop dat dit 'n foutiewe gedagte is om te dink dat die ware kerk = die onsigbare kerk en dat die valse kerk = die sigbare kerk. “Bavinck wys daarop dat die onderskeid tussen waar en vals lank nie so stellig, so absoluut, is as wat die woorde sou laat vermoed nie, maar eintlik 'n heel betreklike onderskeiding is.” Bavinck sluit hier baie nou aan by Calvyn wat selfs die Roomse Kerk nooit as valse kerk afgeskryf het nie. 'n Kerk is valse kerk “op die moment waarop jy die wese van die kerk-wees verloën en dus tot 'n sekte oorgaan. Maar, dan is dit ook geen kerk meer nie. Die woorde ‘valse’ kan dus nooit met die woord ‘kerk’ saamgaan nie. Die onderskeiding wil dan ook tot uitdrukking bring dat daar 'n grens is wat geen kerk kan oorskry nie behalwe ten koste van die kerk-wees”.

“In die tyd ná Calvyn het hierdie onderskeiding egter anders begin funksioneer: In plaas van as waarskuwing en as appèl is die onderskeiding meer gebruik as lineaal of maatband”. Bavinck volg ook hier Calvyn op die voetspoor deur hierdie onderskeiding omsigtig te hanteer en sodoende breek hy met 'n hele tradisie wat tussen hom en Calvyn lê, wat vir hom 'n bevryding beteken.

“Hierdie bevryding is dan ook 'n vereenvoudiging. Die onderskeiding tussen waar en vals bring dan tot uitdrukking dat 'n kerk sy reg op kerk-wees verspeel kan hê. Dan het dit sekte geword, of geestelike stroming, of religieuse groepering. Daarom moet dit aan die kerk voorgehou word: die Woord van God mag nie onder menslike insettinge of bedenkensels of gedagtespinsels bedolwe raak nie”.

“Nooit mag hierdie onderskeiding egter sodanig gebruik word

om die eie kerklike status te verhoog of om die van ander af te breek nie. Bowendien dwing iemand homself in so 'n geval dan om antwoorde te gee op die onsinnige vraag hoeveel hare jy uit die perdestert van die kerk kan trek totdat dit geen kerk meer is nie. Dis onvrugbare haarklowery. Dit gaan nie daarom 'hoe waar' 'n kerk is of 'hoe vals' in die leer nie, maar óf dit kerk is, of die grens nie oorskry is wat die kerk-wees bepaal nie”.

Kerke is geroepe om mekaar te soek, veral ten opsigte van die fundamentele sake. Hierdie onderskeiding van Bavinck oor fundamentele en nie-fundamentele sake is natuurlik nie 'n ongevaarlike onderskeiding nie, maar Meyers oordeel dat Bavinck hier korrek is: indien ons die onderskeid tussen hoof- en bysake uit die oog verloor, verloor ons ook die bedoeling uit die oog van die onderskeid tussen ware en valse kerk. (Hierna volg dan enkele opmerkinge van Bavinck oor kettery).

Bavinck het skerp aangevoel dat die waarheid van God nie 'n rekenkundige aangeleentheid is aan die hand waarvan ander se opvattinge dan gekontroleer kan word nie. “Tereg het hy nie gemik op die uniformiteit in al die stukke van die leer nie, maar op die eenheid in die geloof, in die religie van die Skrif. Solank 'n kerk as kerk daar is, dus nie 'vals' geword het nie, is dit nie wit nie maar 'grys', in 'n mengelmoes van wit en swart”.

Meyers (onthou hy is Hervormer) maak nou hier die opmerking dat die Hervormers syns insiens meer invoelingsvermoë vir hierdie siening van Bavinck aan die dag gelê het as die Gereformeerdes, nl vir die 'grysheid' van die kerk, vir die voorlopigheid van die sigbare kerk in hierdie bedeling, en vir die menslike onmag om tot suiwerheid te kom. Meyers sê dan verder dat indien die Gereformeerdes hier beter na Bavinck geluister het, daar veel minder “kerklike be-ryfsongevale” (afsettinge, afskeidings) sou voorgekom het.

Van hieruit is dit dus begryplik dat Meyers Bavinck en Kuyper verkwalik dat hulle die pad van Doleansie opgegaan het. “Eintlik staan hierdie daad op gespanne voet met bostaande (gedagtes), maar om hierdie daad te regverdig het Kuyper en Bavinck dan die leer van die pluriformiteit van die kerk ontwerp, met Bavinck behoed-samer en meer teenstribbelend as Kuyper”. Meyers meen dat Bavinck in hierdie verband 'n “geleentheidskonstruksie” ontwerp, aangesien hy vir die pluriformiteitsgedagte nie meer vanuit die kerk-wees redeneer nie maar vanuit (pluriformiteit in die) sképping.

Dit is duidelik dat Meyers na Bavinck kyk as Hervormde predikant en dus met 'n bepaalde interpretasie kom, waarvan ons op bepaalde punte kan verskil. Wat egter duidelik blyk is hoeseer ware kerk-wees en ware kerkeenheid Bavinck ter harte gegaan het en dat kerkskeuring eintlik slegs as uiterste grenssituasie ter sprake (mag) kom. Mag hierdie siening van Bavinck, wat so nou aansluit by Calvin, en so uit die hart van die Nuwe Testament gegryp is, ook óns as Gereformeerde Christene besonder ter harte gaan, veral in 'n tyd dat daar begin stemme opgaan van “terug na die seringboom”!